# Universiteit van Pretoria Jaarboek 2016

## Rekenaargrafika 344 (COS 344)

| | |
|---|---|
| **Kwalifikasie** | Voorgraads |
| **Fakulteit** | Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie |
| **Modulekrediete** | 18.00 |
| **Programme** | BIS Multimedia |
| | BIT Inligtingtegnologie |
| | BSc (Rekenaarwetenskap) Rekenaarwetenskap |
| | BSc Inligtingtegnologie Inligting- en Kennisstelsels |
| **Voorvereistes** | COS 110 en WTW 126 |
| **Kontaktyd** | 1 praktiese sessie per week, 2 lesing per week |
| **Onderrigtaal** | Engels |
| **Akademiese organisasie** | Rekenaarwetenskap |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

Die doel van hierdie module is om 'n deeglike kennis te verwerf van die basiese teorie van interaktiewe rekenaargrafika en basiese programmeringstegnieke wat onderliggend is aan rekenaargrafika. Die teorie dek grafikastelsels en -modelle, grafikaprogrammering, toevoer en interaksie, geometriese objekte en transformasies, 3D-sig, skakering, beeldproduksietegnieke en 'n inleiding tot gevorderde konsepte, soos objekgeoriënteerde rekenaargrafika en diskrete tegnieke. Die module sluit 'n praktiese komponent in wat studente in staat stel om hulle kennis van rekenaargrafika te toets en toe te pas. Vir hierdie doel word die OpenGL-grafika-biblioteek en die programmeertaal C gebruik.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.